JAARVERSLAG 2020-21

Ons Kampioenskappe op Moorreesburg 2019 was ten spyte van die ongure en koue weer ‘n baie groot sukses. Daar was heelwat minder perde (ongeveer 90) maar hul was steeds van ‘n hoë standaard. Die prys vir die vul onder een jaar, het gegaan aan Stèphan Basson met Marlon Brando Baie hartlik geluk met so ‘n prag vul .
Die Nasionale Kampioenskappe het drie wa-spanne gehad, nl Hoffie van Blerk, wat die Kampioenskap gewen het, Martin, en die Mostert Broers. Ons dank aan Annalie, Sarike en Herman wat die rosette, baniere en lekkerpakkies vir die kinders hanteer het.

Die Vlame se harte is seer met die verlies van Japie Hagen se heengaan 15 Oktober 2020. Japie sal lank onthou word vir sy liefde vir die Vlaamperde, sy deelname aan die skoue, die lekker kok wat so graag en lekker kos gemaak het en sy humorsin wat ons laat skater het langs die vure en in die tent.

Lutzville 2019 het ‘n baie goeie skou aangebied en ons het baie goeie terugvoering gekry. Ses en vyftig Vlaamperde is geskou.
Daar was 2 wa-spanne, Martin wat gewen het,en die Mostert Broers.
Marietjie Smit ons dank jou vir n lekker skou.

Op Malmesbury 2019 se skou het twee wa-spanne deelgeneem, Herman en Hoffie. Hoffie het gewen.
Ons dank aan Stèphan en die skoubestuur vir ‘n goeie skou.

Op Robertson skou 2019 was die Vlame ook verteenwoordig. Alhoewel min perde geskou is, was dit ‘n goeie skou waar ons perde baie goed vertoon het. Drie wa-spanne, waarvan 2 Martin Eksteen sin was.
Dankie Schalk vir ‘n lekker skou.

Heidelberg 2020 het vanjaar ‘n baie goeie skou gehad die drie wa-spanne twee van Martin en Jurie het deelgeneem. Martin se span was die wenner. Dank aan Hans-Jurie vir ‘n lekker skou.

Swellendam 2020 is ‘n skou wat oorloop van gasvryheid, etes en pragtige skoon skougronde en ablusieblokke. Ons het drie wa-spanne daar gehad : Hoffie die wenner, Martin asook Jurie Uys, Die skou was goed verteenwoordig en ons dank gaan aan Hermie, Tracy en die skoubestuur vir al julle moeite.

Dank aan die volgende persone:

* Die lede wat skenkings gemaak het: Hoffie wat die skape geskenk het Herman, Jurie, Piet , Paultjie, Japie, Schalk en dan ons regtehande, al die vrouens wat saans so lekker bykosse gemaak het by die hoofgereg, sonder sulke regtehande kan ons nie asook hulle skenkings.

* Indien ons iemand uitgelaat het, baie dankie. Die etes was heerlik en gesellig om die braaivleis vure saans en Hendrik wat die lekker hoenderpot gemaak het in die groot pot van Herman en met ‘n graaf moes omroer, julle het voorwaar die aand gesellig gemaak en ons laat skater van die lag, ten spyte van die koue weer en waar ons almal amper binne in die vuur wou sit. Hendrik en Herman wees verseker julle sal lank onthou word.

*Spesiale dank aan die besture van die skoue waar ons deelgeneem het vir jul samewerking en opofferinge. Daar is ‘n goeie verhouding tussen die genootskap, die onderskeie skoubesture en die beoordeelaars.

By al die skoue word met lof gepraat van ons Vlaamperde, die netjiese kleredrag en die groot verskil wat dit by skoue maak.
Die Vlaamperd het 2019 jaar sy stempel afgedruk op die volgende skoue: Moorreesburg, Malmesbury, Robertson, Villiersdorp, Loeriesfontein en Springbok waar die Mostert Broers ‘n Vlaamskou aangebied het. Jaar 2020 Heidelberg en Swellendam.

Ten slotte, nog ‘n paar dankies vir die jaar. Aan die Raad en sy lede; dankie vir julle ondersteuning en bydraes die afgelope jaar. Dit was vir my ‘n voorreg om saam met julle te werk. Ons kan met trots terugkyk op ‘n geseënde jaar. Aan Japie van der Westhuizen en sy personeel by Stamboek, nogmaals dankie vir jul bydrae. Baie dankie ook aan ons dank aan ons boekhouers, Bester en Vennote.

Alle eer en dank aan ons Hemelse Vader vir hierdie pragperde wat Hy in ons sorg en verantwoordelikheid geplaas het. Mag Hy gee dat ons lede sal sorg vir die voortbestaan en welstand van hierdie ras, dat die perde altyd vooropgestel sal word en dat ons sal voortbou op die promosie soos in 2019.